# Lien se lankstaanskoene

# Die roman

**Derick van der Walt**

## Werkboek

**S. Roux**

**L. Roux**

VOORSPRONG

BOEKE

**ISBN: 9781991219886**

VoorsprongBoeke

# INHOUDSOPGAWE

1. Titel ........................................................................ 4
2. Karakterbeelding ........................................................................ 4
3. Tydsverloop ........................................................................ 5
4. Milieu/Ruimte ........................................................................ 6
5. Konflik/Botsing ........................................................................ 6
6. Intrige ........................................................................ 6
7. Vertellersperspektief ........................................................................ 7
8. Tema ........................................................................ 7
9. Boodskap ........................................................................ 7

**10. VRAE OOR DIE ROMAN**

Voorspel ........................................................................ 8
Hoofstuk 1 ........................................................................ 9
Hoofstuk 2 ........................................................................ 12
Hoofstuk 3 ........................................................................ 14
Hoofstuk 4 ........................................................................ 16
Hoofstuk 5 ........................................................................ 20
Hoofstuk 6 ........................................................................ 24
Hoofstuk 7 ........................................................................ 28
Hoofstuk 8 ........................................................................ 31
Hoofstuk 9 ........................................................................ 34
Hoofstuk 10 ........................................................................ 36
Hoofstuk 11 ........................................................................ 39
Hoofstuk 12 ........................................................................ 41

VoorsprongBoeke

Hoofstuk 13 ........................................................................................ 42
Hoofstuk 14 ........................................................................................ 44
Hoofstuk 15 ........................................................................................ 47
Hoofstuk 16 ........................................................................................ 48
Hoofstuk 17 ........................................................................................ 50
Hoofstuk 18 ........................................................................................ 52
Hoofstuk 19 ........................................................................................ 56
Hoofstuk 20 ........................................................................................ 59
Hoofstuk 21 ........................................................................................ 60
Hoofstuk 22 ........................................................................................ 60
Hoofstuk 23 ........................................................................................ 61
Hoofstuk 24 ........................................................................................ 62
Hoofstuk 25 ........................................................................................ 63
Hoofstuk 26 ........................................................................................ 64
Hoofstuk 27 ........................................................................................ 66
Hoofstuk 28 ........................................................................................ 67
Hoofstuk 29 ........................................................................................ 69
Hoofstuk 30 ........................................................................................ 69
Hoofstuk 31........................................................................................... 71
Hoofstuk 32 ........................................................................................ 42
Hoofstuk 33 ........................................................................................ 73
Hoofstuk 34 ........................................................................................ 74
Hoofstuk 35 ........................................................................................ 77
Hoofstuk 36 ........................................................................................ 78
Hoofstuk 37 ........................................................................................ 79

VoorsprongBoeke

Hoofstuk 38.................................................................................................. 80
Hoofstuk 39 .................................................................................................. 81
Hoofstuk 40 .................................................................................................. 82
Hoofstuk 41 .................................................................................................. 83
Naspel .................................................................................................. 86

VoorsprongBoeke

# 1. Titel

Die titel van die roman is ***Lien se lankstaanskoene***.

Lien is die
**hoofk**
die ron

Die ve
dus oo
lewe.

Die lankstaanskoene dui op **KARAKTEREIENSKAPPE** van Lien:

○ Sy kan lank staan, met ander woorde lank uithou. Dit dui dus op Lien se **uithouvermoë**.

○ Sy is **vasberade** – wanneer sy iets wil bereik, sal sy aanhou werk daarvoor.

○ Lien is **standvastig** – mense kan op haar staatmaak en sy gee nie moed op nie.

Die **lankstaanskoene** kan ook daarop dui dat Lien **haar ma se skoene** in die huis moet volstaan.

Sy moet geld verdien:

♣ om vir hulle kos te koop en ook later

♣ om die rekenings te betaal.

♣ Lien sorg ook vir Braam – sy maak vir hom kos, maak sy broek heel, ensovoorts.

# 2. Karakterbeelding

Karakters word op die volgende verskillende maniere aan die leser bekendgestel:

- ✓ Deur die dinge wat die verteller oor die karakter vertel.
- ✓ Deur alles wat die ander karakters oor 'n spesifieke karakter sê of dink.
- ✓ Deur dít wat die karakter self sê of dink.
- ✓ Deur die manier waarop die karakter onder sekere omstandighede optree, bv. hoe die karakter konflik hanteer.

**Die leser ontmoet die volgende belangrike karakters in hierdie roman:**

Die milieu is die PLEK/PLEKKE waar die verhaal afspeel.

Hierdie verhaal speel af in **Pretoria**. Lien, haar ma en haar broer (Braam) bly in 'n **woonstelblok**. Lien en Braam is in 'n nuwe skool, **Jakaranda**.





## 5. Konfik/Botsing

### Innerlike konflik

◙ Innerlike konflik is die stryd of botsing wat BINNE-IN 'n karakter se gemoed plaasvind.

◙ Dit is gewoonlik baie EMOSIONEEL.

### Uiterlike konflik

◙ **Uiterlike konflik** is die stryd of botsing wat **TUSSEN KARAKTERS** ontstaan.

◙ Dit word dikwels geassosieer met geweld, bv. vuisgevegte, ens.

◙ Daar kan egter ook botsings wees wat nie fisiek is nie, byvoorbeeld woordewisseling en argumente.

## 10. Vrae oor die roman

## Voorspel, bl. 25 - 26

1. Hoe skep hierdie voorspel intrige?

_______________________________________________

2. Die “hy” (par. 1, bl. 25) is gelukkig.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is.

______________________________________________

3. Waarom word die skuinsdruk op bl. 25 – 26 gebruik?

______________________________________________

4. “Sy is haasbek” (bl. 25).

Wat beteken hierdie uitdrukking?

______________________________________________

8. Watter afleidings kan ons uit die video wat die “hy” kyk, maak? Noem DRIE.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

## Hoofstuk 1, bl. 27 – 26
## *Geel en gelukkig*

1. “Sy ken die ritueel” (bl. 27).

1.1 Wat is hierdie ritueel?

______________________________________________

1.2 Gee VIER voorbeelde van klanknabootsing (onomatopee) wat in die beskrywing van die ritueel voorkom.

______________________________________________

______________________________________________

VoorsprongBoeke

1.3 Hoe reageer Braam op hierdie ritueel?

______________________________________________

______________________________________________

2. Hoekom is die stem wat van die kombuis af roep, “loom”? (bl. 27)

______________________________________________

3. Wat eet die gesin vir aandete?

______________________________________________

4. Wat kan ons aflei uit die kos wat hulle eet?

______________________________________________

______________________________________________

5. Hoe ondersteun die inhoud van die yskas ook jou antwoord op Vraag 4?

______________________________________________

______________________________________________

6. Wat kan hulle sien wanneer hulle by die kombuisvenster uitkyk?

______________________________________________

7. Hulle ma is <u>geel en gelukkig</u>. (bl. 27)

7.1 Benoem die onderstreepte stylfiguur in bostaande sin.

______________________________________________

7.2 Wat beteken die uitdrukking (geel en gelukkig)?

______________________________________________

8. Wat beteken dit dat die CD-speler ‘n vioolkonsert blêr wat “dooie mense in hulle grafte regop sal laat sit”? (bl. 27)

______________________________________________

9. Hoe reageer Braam op sy ma se aandag?

______________________________________________

VoorsprongBoeke

10. Hulle ma is ‘n alkoholis.

Hierdie stelling is WAAR. Motiveer dit met DRIE feite.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

11. Watter taak doen Lien in hierdie hoofstuk wat haar ma eintlik behoort te doen?

______________________________________________

12. Wat word hierdeur geïmpliseer?

______________________________________________

13. Elke lid van die Jooste-gesin het ‘n ander manier waarop hulle van hul omstandighede probeer ontvlug. Noem dit.

**LIEN:** ______________________________________

**BRAAM:** ______________________________________

**MA:** ______________________________________

14. Lien kyk in die spieël en sê vir hóm: “Ek haat jou.” (bl. 28)

14.1 Na wie, dink jy, verwys Lien?

______________________________________________

14.2 Hoekom dink jy so?

______________________________________________

VoorsprongBoeke

# Hoofstuk 4, bl. 46 – 51
## *Die meesterstuk*

1. Waaroor is juffrou Breytenbach so opgewonde?

2. Wat leer jy alles oor juffrou Breytenbach aan die begin van hierdie hoofstuk?

3. Lien dink Christiaan is nie 'n kultuurdier nie.

   Hoekom, dink jy, wil hy hê dat juffrou Breytenbach die teks van die toneelstuk moet lees?

4. Waarom verwys juffrou Breytenbach na die toneelstuk as 'n meesterstuk? Gee SES feite.

5. Lien dink "hoe minder *waves*, hoe stiller is die see". (bl. 47)

   Wat bedoel sy hiermee?

6. Wat is die klas se reaksie op die teks wat juffrou Breytenbach vir hulle voorlees?

VoorsprongBoeke

7. Hoe weet ons dat Lien baie negatief oor Malie se tuin voel?

______________________________________________________________________

8. Lien hoop vir "meer rosies as dorings" by die werk. (bl. 47)

8.1 Wat beteken dit?

______________________________________________________________________

8.2 Hoekom is dit juis 'n gepaste metafoor vir haar werk in Malie se Tuin?

______________________________________________________________________

9. Juffrou Breytenbach vra vir Lien om na die klas agter te bly.

9.1 Wat vra sy vir Lien?

______________________________________________________________________

9.2 Hoekom vra sy hierdie vraag?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

9.3 Wat het juffrou Breytenbach die afgelope jaar van Lien opgemerk? Gee DRIE feite.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

9.4 Watter raad gee juffrou Breytenbach vir Lien? Noem DRIE dinge.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

9.5 Hoe voel Lien gedurende hierdie gesprek?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

VoorsprongBoeke

15. Hoekom is Lien kwaad vir Braam?

______________________________________________

**Hoofstuk 5, bl. 52 – 58**

***Lientjie Lieflik***

1. In watter bui is tant Malie?

______________________________________________

2. Hoe weet ons Lien geniet nie die werk nie?

______________________________________________

3. Aan watter TWEE uitgawes dink Lien?

______________________________________________

______________________________________________

4. Hoe reageer tant Malie wanneer Lien en Agnes die breekgoed laat val?

______________________________________________

______________________________________________

5. Wat IMPLISEER hierdie reaksie?

______________________________________________

______________________________________________

6. Tant Malie besluit om vir Lien en Agnes te straf.

6.1 Wat is hulle straf?

Voorsprongboeke

6.2 Waaroor beleef Lien hier INNERLIKE KONFLIK?

3. Skryf die VERGELYKING op bladsy 80 neer wat Lien gebruik om juffrou Breytenbach se opwinding mee te beskryf.

4. Watter KARAKTEREIENSKAP van Wouter kom na vore wanneer hy en Lien by die Wimpy sit? Motiveer jou antwoord.

5. Wouter sê vir Lien sy ma voel hulle moet sy pa haat "totdat die Bafana Bafana eendag die sokkerwêreldbeker wen". (bl. 81)

5.1 Wat beteken die aangehaalde UITDRUKKING?

5.2 Skryf nog 'n UITDRUKKING wat dieselfde betekenis het, neer.

6. Hoe reageer Lien wanneer Wouter vir haar vra of sy ooit haar pa mis?

7. Hoekom kan ons sê dat Lien se reaksie die SPANNING in die verhaal verhoog?

8. Skryf SES BYVOEGLIKE NAAMWOORDE op bladsy 81 - 82) neer wat Braam se houding wanneer hy in die haarsalon is, beskryf.

VoorsprongBoeke

9. Hoe help Lien vir Braam ten opsigte van die borgskap? Noem TWEE dinge.

## Naspel, bl. 231 – 232

1. Op watter manier VERSKIL hierdie video-kyksessie anders as voorheen in die roman?

2. Die leser kan nou uit die video AFLEI wat met die Jooste-gesin gebeur het?

   Noem DRIE aspekte wat jy kan aflei.

VoorsprongBoeke